WEEK 16 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

NG WESSELSBRON-NOORD SE BASAAR KLEUREFEES:

NG BLOEMHEUWEL SE PINKSTERREEKS:

Die dienste vind plaas vanaf **28 Mei tot 1 Junie 2017, elke aand om 18:00 in die kerkgebou, met die Pinksterafsluiting op Sondag 4 Junie 2017 om 09:00.** Die dienste word gelei deur prof Fanie Snyman (dekaan van die Teol Fakulteit by die UV). Sy temas hou verband met die 500-jarige Hervormingsfees wat vanjaar gehou word:

Sondagaand: Sola Scriptura - Net die Bybel is ons norm
Maandagaand: Solus Christus - Net deur Christus word ons gered
Dinsdagaand: Sola Gratia - Net deur genade word ons gered
Woensdagaand: Sola Fide - Net deur geloof word ons gered
Donderdagaand: Soli Deo Gloria - Net aan God kom die eer toe
Sondagoggend 4 Junie: Die Heilige Gees begenadig ons met wysheid om wys te lewe.

Almal is baie welkom, bring gerus vriende saam.

NG HERTZOGVILLE IS 100 JAAR OUD!:

PROGRAM

Saterdag 17 Junie

11:00 Tradisionele Basaar met alles wat lekker is
17:00 Rugby in die kerksaal op die grootskerm

Sondag 18 Junie

09:30 Eeufees-Nagmaals-erediens
10:30 Gedenksteen onthulling
11:00 Tee by Amandelhof

FONDSINSAMELINGS GELEENTHEID:

Die Botshabelo ete van die NG Kerk in Afrika vind plaas op **Vrydag 26 Mei 2017 om 18:00** by die NG Gemeente Uitsig, Bloemfontein. Kaartjies vir die ete kos R40 en is beskikbaaar by Cicile Strauss, 083 395 2240, of Andries Hoffman, 072 435 8959. Dit is 'n baie spesiale geleentheid waar gelowiges van Bloemfontein en Botshabelo saam heerlike kos en sang geniet en ook saam bid vir hulle twee stede. U is ook welkom om kaartjies te borg vir persone wat dit nie kan bekostig nie - die fondse gaan vir die Botshabelo kampterrein.